Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK V1

2023

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 120

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 37 bladsye.

Downloaded from www.studypapers.co.za

Kopiereg voorbehou

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)

AFDELING A moet op hierdie VRAESTEL beantwoord word.

Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 ÓF 2.2
EN VRAAG 3.1 ÓF 3.2
EN VRAAG 4.1 ÓF 4.2.

VRAAG 1 (25 minute)

1.1 Identifiseer TWEE toonsoorte met die volgende toonsoortteken.

Antwoord: B majeur, G# mineur *2 punte* (2)

1.2 Skryf die toonsoortteken van D^b majeur in die gegewe sleutel.

Antwoord:



1 punt (1)

1.3 Verander die laagste noot om 'n interval van 'n verminderde vierde te vorm.

Antwoord:



1 punt (1)

1.4 Benoem die omkering van die interval hieronder.

Antwoord: Mineur tweede *1 punt* (1)

1.5 Skryf 'n verminderde drieklank wat in die gegewe majeur toonsoort voorkom.

Antwoord:



1 punt (1)

1.6 Skryf 'n majeur drieklank in tweede omkering op die gegewe noot.

Antwoord:



1 punt (1)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

1.7 Verbeter die groepering van die volgende TWEE uittreksels.

Antwoord:

1.7.1

1.7.2 

2 punte
1.7.2 Verbinde agtstenote = ½ punt

(2)

1.8 Die tydmaatteken in die uittreksel hieronder verander. Voeg die korrekte tydmaatteken in by elk van die asteriske (*) in die uittreksel hieronder.

Antwoord:

2 x1

(2)

1.9 Dui die halftone aan en benoem die volgende modus.

Antwoord:



Modus: Lidiese modus

2 punte
Halftone: ½ x 2 = 1 punt
Lidiese modus = 1 punt

(2)

1.10 Skryf AGT note by (Y) om 'n afgaande chromatiese toonleer te vorm.

Antwoord:



8 ÷ 4 = 2 punte
Aanvaar enige korrekte enharmoniese toevallige teken

(2)

[15]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 2 **(25 minute)**

Beantwoord VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.

Konsepantwoord: Instrument: Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool, ens.
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.



ÓF

2.2 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasie ÓF balknotasie om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir stem te vorm. Noem die stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE. Gebruik slegs EEN notasiestelsel.

Konsepantwoord: Stem: Sopraan/Alt/Tenoor/Bariton
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.



Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Vorm en kadenspunte	*1 punt per frase x 3*		3
Korrektheid Balknotasie: Polse per maat, nootstele, groepering, spasiëring en toevallige tekens **ÓF** Solfanotasie: Ritmiese- en toonhoogte-aanduidings	*Minus ½ punt per fout tot en met 2 punte*		2
Kwaliteit Instrumentale melodie: - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir die gekose instrument - Toepaslike tempo-, artikulasie- en dinamiek-aanduidings - Musikaliteit **ÓF** Vokale melodie: - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid van omvang vir die stem - Toepaslike tempo- en dinamiek-aanduidings - Musikaliteit	9–10	***Uitstekend*** *Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme*	10
	7–8	***Goed*** *Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat*	
	4–6	***Gemiddeld*** *Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos*	
	0–3	***Onaanvaarbaar*** *Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend*	
TOTAAL	*Nasiener mag ½ punte gebruik*		**15**

[15]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 3 **(10 minute)**

Beantwoord VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Antwoord:



Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (h) met Romeinse syfers op die partituur, bv. iii6/iiib.

Antwoord: Sien partituur

1 punt per akkoord	*= 8 punte*
Minus ½ punt indien omkering of 7de weggelaat of verkeerd is	(8)

3.1.2 Benoem die toonsoort en kadens wat by (Z) gevorm word.

Antwoord:
A majeur
Volmaakte kadens

1 punt elk = 2 punte (2)

3.1.3 Wat is ongewoon aan die akkoord by VRAAG 3.1.3?

Antwoord:
- Die terts word verdubbel in die majeur drieklank
- Die grondnoot of kwint word nie in die majeur drieklank verdubbel nie
- Dit is ongewoon maar aanvaarbaar om die terts te verdubbel wanneer die buitestemme in teenoorgestelde rigting beweeg

Enige EEN = 1 punt (1)

3.1.4 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

Antwoord:
(i) Terughouding
(ii) Vooruitneming
(iii) Deurgangsnoot
(iv) (Onderste) Wisselnoot

1 punt elk = 4 punte (4)
[15]

ÓF

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Antwoord:



3.2.1 Identifiseer die akkoorde (a) tot (h) en skryf die akkoordsimbole in die spasies verskaf bo die notebalk, bv. C/E.

Antwoord: Sien partituur

1 punt per akkoord = 8 punte *Minus ½ punt indien omkering of 7de weggelaat of verkeerd is*

(8)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

3.2.2 Benoem die toonsoort en akkoordprogressie (kadens) wat by (Z) gevorm word.

Antwoord:
D mineur
A7 – Dm (Volmaakte kadens)

1 punt elk = 2 punte (2)

3.2.3 Lewer komentaar op die baslyn in maat 1 tot 4.

Antwoord:
Dalende (walking) baslyn met 'n variasie in maat 2

1 punt (1)

3.2.4 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

Antwoord:
(i) Vooruitneming
(ii) Terughouding
(iii) Deurgangsnoot
(iv) (Boonste) Wisselnoot

1 punt elk = 4 punte (4)
[15]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 4 **(30 minute)**

Beantwoord VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.

4.1.1 Demonstreer die gebruik van 'n tweede omkering kadensiële akkoord om 'n plagale kadens te versier.

Antwoord:



1 punt per akkoord	*= 3 punte*
Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt per akkoord	

(3)

4.1.2 Voltooi die vokale vierstemmige harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.

Konsepantwoord:



Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Die harmonisering sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	*Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie*	**11**
Akkoordprogressie Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens	*1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5)*	**9**
Kwaliteit Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid en kreatiwiteit	*Uitstekend = 3½–4 punte* *Goed = 2½–3 punte* *Gemiddeld = 1½–2 punte* *Swak = 0–1 punt*	**4**
	Nota aan nasiener: *Punt uit 24 moet nie 'n ½ punt bevat nie*	**24** **(÷ 2)**
TOTAAL		**12**

(12)
[15]

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

ÓF

4.2.1 Voltooi die harmoniese progressie hieronder deur akkoorde by die bassleutel in te vul. Gebruik halfnote.

Antwoord:



1 punt per akkoord	*= 3 punte*
Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt per akkoord	

(3)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

4.2.2 Voltooi die stuk hieronder deur geskikte harmoniese materiaal by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 gesuggereer word.

Konsepantwoord:



Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Korrektheid Notasie, spasiëring, stemvoering	*Minus ½ per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie*		**11**
Akkoordprogressie Akkoordkeuse, korrektheid van kadens	*1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5 en 8)*		**9**
Kwaliteit Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid en kreatiwiteit	*Uitstekend* *Goed* *Gemiddeld* *Swak*	*= 3½–4 punte* *= 2½–3 punte* *= 1½–2 punte* *= 0–1 punt*	**4**
	Nota aan nasiener: *Punt uit 24 moet nie 'n ½ punt bevat nie*		**24** **(÷ 2)**
TOTAAL			**12**

(12)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)

AFDELING B, C, D en E moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)

Nota aan die nasiener: Een punt word vir elke korrekte feit toegeken. Kandidate moet gekrediteer word vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn gegee word nie.

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) neer, bv. 5.1.6 E.

5.1.1 Rolspelers in die musiekbedryf sluit … in.

Antwoord:
D Al die bogenoemde

5.1.2 'n Voorbeeld van 'n insamelingsagentskap in Suid-Afrika is …

Antwoord:
B CAPASSO.

5.1.3 SAMRO administreer…

Antwoord:
A Uitvoeringsregte.

5.1.4 Kopiereg verseker dat 'n komponis betaal word wanneer sy/haar komposisie wettiglik…

Antwoord:
D Al die bogenoemde

5.1.5 Tantièmes is betalings gemaak aan…

Antwoord:
C Opnamekunstenaar wanneer musiek uitgesaai word.

5 x 1 (5)

5.2 5.2.1 Verduidelik die verskil tussen *meganiese*- en *naaldtyd*regte.

Antwoord:
Meganiese regte
Tantièmes betaalbaar aan komponiste, liedjieskrywers en musiekuitgewers wanneer hul musiek op enige vorm van 'n opname- of stroomtoestel gekopieer word
Naaldtydregte
Tantièmes betaalbaar aan opnamekunstenaars wanneer 'n liedjie in die publiek uitgesaai word

2 x 1 (2)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

5.2.2 Gee die naam van EEN organisasie in Suid-Afrika wat verantwoordelik is vir die administrasie van meganiese regte en EEN vir naaldtydregte.

Antwoord:
Meganiese regte: CAPASSO
Naaldtydregte: SAMPRA

2 x 1 (2)

5.3 Noem EEN digitale musiekplatform.

Antwoord:
- Spotify
- iTunes
- Tune-In
- Deezer
- Google Play
- Sound Cloud
- Band Camp

Enige EEN (1)

TOTAAL AFDELING B: 10

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Beantwoord AFDELING C (IAM)
ÓF AFDELING D (JAZZ)
ÓF AFDELING E (WKM).

AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyn puntsgewys weergegee is, mag die kandidate in volsinne antwoord.

VRAAG 6

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 Watter orkes is deur David Masondo en Zenzele Mchunu gestig?

Antwoord:
B Soul Brothers

6.1.2 Na watter musiekstyl verwys mqgashiyo?

Antwoord:
A Mbaqanga

6.1.3 Watter EEN van die volgende is die tipiese harmoniese progressie van kwêla?

Antwoord:
A I–IV–I^{6}_{4}–V

6.1.4 Watter EEN van die volgende toonlere word tipies in inheemse Afrika-musiek gebruik?

Antwoord:
C Pentatoniese toonleer

6.1.5 Watter EEN van die volgende instrumente is NIE 'n idiofoon NIE?

Antwoord:
B Kora

5 x 1 (5)

6.2 Verduidelik die volgende met verwysing na inheemse Afrika-musiek:

6.2.1 Meloritme
6.2.2 Geestelike aspek ('divinity')
6.2.3 Ikati

Antwoord:
6.2.1 Subtiele klankverandering wanneer verskillende dele van die tromvel geslaan word (1)
6.2.2 Dit verwys na die rol en perspektiewe van verskeie geestelike praktyke in inheemse Afrika-musiektradisies (1)
6.2.3 Plektrum wat in kitaarspel gebruik word om 'n perkussieklank te produseer (1)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

6.3 Verduidelik kortliks 'n tipiese harmoniese kenmerk van inheemse Afrika-musiek.

Antwoord:
- Siklies/herhalende akkoordprogressie
- Progressie beweeg trapsgewys afwaarts (IV-iii-ii-I) - parallelisme
- Tipiese patrone is I-IV-I^{6}_{4}-V of I-IV-I-V

Enige EEN (1)

6.4 Bespreek tromspel in tradisionele Afrika-musiek. Fokus op die volgende kontekste:

6.4.1 Die rol van die hooftromspeler
6.4.2 Tromspel as begeleiding vir dans

Antwoord:

6.4.1
- Hooftromspeler is verantwoordelik vir die leiding van die algehele uitvoering met betrekking tot tempo, aksente en ritme
- Die hooftromspeler kondig die begin van 'n uitvoering aan met 'n vokale geroep gevolg deur 'n kort ritmiese solo om die stemming en tempo van die musiek te vestig
- Dui aan wanneer individuele spelers 'n solo moet uitvoer
- Gee 'n sein aan dansers wanneer enige veranderinge in die struktuur van die uitvoering plaasvind
- Roep-en-antwoord word tussen die hooftromspeler en die groep geskep

Enige DRIE (3)

6.4.2
- Die ritmes van die verskillende tromspelers veroorsaak poliritme wat 'n danser in vervoering bring wat daartoe lei om met die voorgeslagte te kommunikeer
- Die musiek sal tipies toeneem in spanning wat die danser se uitvoering versterk
- Tromspel verskaf 'n reëlmatige maatslag

Enige TWEE (2)

6.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.5.1 en 6.5.2) neer.

6.5.1 Afrika-musiek is meestal siklies met veelvuldige intredes
6.5.2 Afrika-koormusiek word gewoonlik deur die klavier begelei

Antwoord:
6.5.1 Waar
6.5.2 Onwaar

2 x 1 (2)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

6.6 Kies TWEE instruments uit KOLOM B wat by TWEE danse in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A tot I) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.9) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.6.10 J.

KOLOM A		KOLOM B	
6.6.1	Tshikona	A	dithopana
6.6.2	Borankana	B	mbila mutondo
6.6.3	Muchongolo	C	matlawana
6.6.4	Mohobelo	D	ingulule
6.6.5	Isitshikitsha	E	xitende
6.6.6	S'bhaca	F	impempe
6.6.7	Indlamu	G	lesiba
6.6.8	Iintlombe	H	igubhu
6.6.9	Dinaka	I	impalampala

Antwoord:

6.6.1	B
6.6.2	C
6.6.3	E
6.6.4	G
6.6.5	I
6.6.6	F
6.6.7	D
6.6.8	H
6.6.9	A

Enige TWEE (2)

6.7 *Wena Wedwa* is 'n moderne isicathamiya-liedjie. Noem TWEE eienskappe van hierdie liedjie wat NIE kenmerkend van tradisionele isicathamiya is NIE.

Antwoord:

- 'Beat boxing' word in die uitvoering gebruik
- Chromatiese note word as versiering gebruik
- Pop/R&B sangstyl
- Ukubonga word weggelaat

Enige TWEE (2)
[20]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 7

7.1 Noem TWEE maniere waarop tradisionele kwêlamusiek ná die 1950's verander het.

Antwoord:

- Die penniefluitjie was eers as die melodiese hoofinstrument gedurende die 1950's gebruik en was later met die saksofoon vervang
- Die styl was oorspronklik 'n solo straatmusiekstyl maar solo kunstenaars was later deur 'n klein jazz-orkes begelei
- Kwêla was 'n polities gedrewe musiekstyl (anti-apartheid) gedurende die 1950's maar is later getransformeer tot 'n populêre vermaaklikheidstyl (bv. Mango Groove)

2 punte (2)

7.2 Noem DRIE tipiese kwêla-eienskappe wat in Spokes Mashiyane se *Banana Ba Rustenburg* voorkom.

Antwoord:

- Jazz-orkes – kitaar, tromstel, bas en saksofoon
- Saksofoon/penniefluitjie as melodiese hoofinstrument
- Kort improvisasies as versierings van die oorspronklike melodie
- Ander kontramelodiese lyne word om die oorspronklike melodie ingeweef
- Matig tot opgewekte tempo
- Skiffle-agtige maatslag
- Jive en swing-ritmes
- Sikliese akkoordstruktuur met gebruik van I – IV- I^6_4 – V

3 punte (3)

[5]

VRAAG 8

Bespreek die rol wat Ladysmith Black Mambazo gespeel het om isicathamiya gewild te maak.

Antwoord:

- Samewerking met bekende plaaslike en internasionale kunstenaars
  - Paul Simon op sy *Graceland* album
  - Optrede saam met Michael Jackson
- Opnames met die SABC en Gallo wat internasionaal versprei is
- Verower vele internasionale toekennings (bv. Grammy-toekennings)
- Maak isicathamiya 'n internasionale herkenbare Suid-Afrikaanse styl
- Gebruik Engelse lirieke om toegang te gee aan 'n wyer gehoor
- Vind aanklank by 'n nuwe tipe/gesofistikeerde gehoor deur:
  - Joseph Shabalala se beklemtoonde akkuraatheid van ritme en toonhoogte deur sagter en welige harmonieë in kontras met die harder style van die 1950's
  - Gewysigde choreografie reflekteer die sagter klank van op jou tone loop gedurende 'n uitvoering eerder as die harder gestamp op die grond
  - 'n Afgeronde musiekuitvoering met verbeterde klankkwaliteit
- Stig The Ladysmith Black Mambazo Foundation met die doel om die geskiedenis van isicathamiya musiek te bevorder en aan kinders te leer
- As 'n manier om terug te gee aan die gemeenskap hou Ladysmith Black Mambazo verskeie werkswinkels oor isicathamiya wat lei tot 'n meer afgeronde toon in opkomende groepe

Enige VYF **[5]**

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 9

Verduidelik hoe die sosiale en politieke omstandighede in die Suid-Afrikaanse radio- en opnamebedryf die ontwikkeling van mbaqanga gedurende die apartheidsera beïnvloed het.

Antwoord:

- Mbaqanga-tradisie is bevorder deur beide media en plaaslike opnamemaatskappye wat in staatsbesit was
- Die radio word die medium van die bemarking van musiek omdat dit meer bekostigbaar is
- Gallo-Africa in samewerking met die SAUK skep en bemark mbaqanga
- Radio Bantu keur enige musiek wat na die realiteit van stedelike lewe of sosiale en politieke kwessies verwys en dit word in die lirieke van mbaqanga weergegee
- Vervaardigers en uitvoerende kunstenaars van mbaqanga musiek het hulself voorafgekeur of die risiko gewaag om deur die SAUK verwerp te word
- Die keuring van musiek verbreek die inhoud van die lirieke geskryf deur mbaqanga musikante wie nie kon skryf waaroor hulle wou nie
- Ten spyte van keuring het mbaqanga se gewildheid groot verkope gegenereer wat weer die vestiging van nuwe groepe aangespoor het

Enige VYF **[5]**

VRAAG 10

Inheemse Afrika-musiek is deel van die daaglikse lewe en 'n refleksie van sosiale omstandighede.

Skryf 'n opstel waarin jy die sosiale konteks en die tipiese musiekelemente van Suid-Afrikaanse inheemse musiek beskryf. Verwys na die sosiale konteks, ritmiese eienskappe, melodie en harmonie.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

KRITERIA	**PUNTETOEKENNING**
Sosiale konteks	4
Musiekelemente • Ritmiese eienskappe • Melodie en harmonie	 4 4
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
TOTAAL	**15**

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Antwoord:

Voorbeeld van 'n inleiding
Musiek reflekteer lewe en groei uit die daaglikse kulturele aktiwiteite.

Sosiale konteks
- Afrika-musiek speel 'n funksionele rol in alle belangrike fases van 'n persoon se lewe, bv. geboorte, puberteit, inisiasie, huwelik en dood
- Spontane betrokkenheid met die gemeenskaplike musieklewe word aangemoedig
- Musikale uitvoerings word normaalweg buite gedoen
- Uitvoerende kunstenaars en lede van die gehoor maak gewoonlik saam musiek
- Musiek is meestal 'n gemeenskaplike aktiwiteit in plaas van 'n individuele poging
- Die musiek is etnies eiesoortig
- Die taalgebruik in 'n liedjie verskil soms van die taalgebruik wat in gewone gesprekke gebruik word

Tipiese musiekelemente:
Ritmiese eienskappe
- Ritme is afkomstig van gesproke teks
- Gebruik van ostinato-patrone is algemeen
- Meloritme word aansienlik gebruik
- Intersluitende poliritmes word normaalweg gebruik
- Die maatslag (metrum) kan reëlmatig of onreëlmatig wees afhangende van die betekenis van die musiek
- Meeste van die materiaal word geïmproviseer
- Klem val op ritme eerder as die melodie
- Herhaling word as 'n georganiseerde beginsel gebruik
- Improvisasie word oor herhalende strukture gedoen

Melodie en harmonie
- Gebaseer op die beginsels van homofoniese parallelisme (in 3^{des}, 4^{des}, 5^{des} en 8^{stes})
- Onafhanklike stempartye beweeg saam
  - kontramelodie (sekondêre melodie)
  - ostinato variasie (variasies gebaseer op 'n herhalende tema)
- Instrument/stem kan soms gemanipuleer word om gelyktydige klanke (botone) te produseer
- Oorvleueling van kooragtige antifonie en responsoriese sang is basiese beginsels van Afrika polifonie (roep en antwoord)
- Parallelle intervalle word meestal gebruik
- Akkoorde word gebou vanuit pentatoniese en heksatoniese toonlere

Voorbeeld van 'n slotparagraaf
Musiek is die materiaal van die Afrika-gemeenskap en vorm deel van die gewone daaglikse gebeure.

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Sosiale konteks			4
Musiekelemente • Ritmiese eienskappe • Melodie en harmonie			 4 4
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting em stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 3 punte*	3
	Goed *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 2-2½ punte*	
	Gemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1½ punte*	
	Ondergemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1 punt*	
	Swak *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar *Feite puntsgewys aangebied*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 120

ÓF

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

AFDELING D: JAZZ

Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyn puntsgewys weergegee is, mag die kandidate in volsinne antwoord.

VRAAG 11

11.1 Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 In 'n 12-maat-blues is die …

Antwoord:
A Lirieke in AAB vorm.

11.1.2 Die volgende toonlere bevat GEEN halftone NIE:

Antwoord:
D Al die bogenoemde

11.1.3 Die volgende vrouegroep word met beide marabi en mbaqanga geassosieer:

Antwoord:
A The Mahotella Queens

11.1.4 Abdullah Ibrahim word met … geassosieer.

Antwoord:
D Al die bogenoemde

11.1.5 Watter van die volgende modusse bevat 'n majeur tonikadrieklank?

Antwoord:
B Ionies, Lidies en Miksolidies.

5 x 1 (5)

11.2 Verduidelik die volgende

11.2.1 Poli-akkoord
11.2.2 Swing
11.2.3 Ritmeseksie

Antwoord:
11.2.1 Twee of meer afsonderlike akkoorde (maj/min/verm/vergr drieklanke) wat saam klink, bv. CEG en B^{b}DF (1)

11.2.2 'n Ritmiese toestel waarin die eerste van twee gelyke nootwaardes effens verleng word om 'n ongelyke onderafdeling van die pols te skep, bv.



(1)

11.2.3 Klavier/kitaar, bas, tromme voorsien die ritmiese en harmoniese onderbou in 'n jazz-orkes (1)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

11.3 Noem EEN internasionale kunstenaar wat Abdullah Ibrahim se styl beïnvloed het.

Antwoord:
Duke Ellington
Thelonious Monk
James Johnson

Enige EEN (1)

11.4 Vroeë mbaqanga is 'n samesmelting van marabi en kwêla-invloede. Gee EEN eienskap van marabi en EEN van kwêla wat 'n bydrae tot die styl van mbaqanga gelewer het .

Antwoord:

- **Marabi**
  - Gebruik van Westerse instrumente
  - Musiek word aangedreef deur 'n klawerbord/klavier/elektroniese orrel
  - Dansgevoel

- **Kwêla**
  - Saksofoon word in vroeë mbaqanga gebruik
  - Skiffelagtige ritme
  - Leierkitaarinleiding
  - Leierkitaar speel 'n prominente begeleidende rol

Enige EEN marabi-eienskap
Enige EEN kwêla-eienskap
2 x 1 (2)

11.5 Dui aan of die volgende stellings oor mbaqanga WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommers (11.5.1 tot 11.5.3) neer.

11.5.1 Mbaqanga is hoofsaaklik in enkelvoudige tydmaat.
11.5.2 Slegs mans word toegelaat om in hierdie styl te speel.
11.5.3 Lofdigte bepaal die toon aan die begin van 'n tipiese mbaqanga.

Antwoord:
11.5.1 Waar (1)
11.5.2 Onwaar (1)
11.5.3 Onwaar (1)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

11.6 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n styl in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (11.6.1 tot 11.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.6.10 J.

KOLOM A		**KOLOM B**	
11.6.1	Kwêla	A	A cappella
11.6.2	Mbaqanga	B	Spokes Mashiyane
11.6.3	Cape jazz	C	Manhattan Brothers
11.6.4	Marabi	D	Abdullah Ibrahim
		E	Miriam Makeba
		F	Amerikaanse geestelike liedjies

Antwoord:

11.6.1	B
11.6.2	E
11.6.3	D
11.6.4	C

4 punte (4)

11.7 Skryf TWEE kenmerke van Cape jazz neer.

Antwoord:

- 'n Multikulturele styl wat geïnspireer is deur kwêla, marabi, blues, slawe volksliedere, kerkorkeste, langarm, Kaapse Maleier en Khoisan liedjies
- Instrumentasie: klavier, bas en tromme met saksofoon, trompet en trombone wat opsioneel bygevoeg word
- Afrika-, ghoema- en swing-elemente wat met Amerikaanse jazz-invloede vermeng word
- Volksagtige en gesangagtige melodiese konstruksie
- Hoofsaaklik homofonies met elemente van roep-en-antwoord
- Grootskaalse improvisasie vir alle instrumente met vermenging van verskeie style

Enige TWEE (2)

[20]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 12

Beskryf kortliks hoe die volgende elemente in *Mra* deur Chris McGregor se groep, The Brotherhood of Breath, toegepas word.

- Instrumentasie (1)
- Melodie (1)
- Ritme (1)
- Stylinvloede (2)

Antwoord:
Instrumentasie
- Big Band instrumentasie met komplekse klankvlakke en vernuwende verwerkings
- Word van instrumente verwag om teen 'n hoë vlak van moeilikheidsgraad te speel
- Ritmeseksie (klavier, bas, tromstel) en groot blaasseksie (trombone en saksofone)

Melodie
- Roep-en-antwoord tussen saksofone en trompette wat dikwels oorvleuel
- Interspeelaksie tussen koper- en houtblaasseksies met kort uitbarstings van motiewe oor 'n herhalende tromboon-ostinato

Ritme
- Opwindende voortdrywende ritmiese figure wat deur die ritmeseksie en trombone gelei word
- Ritmiese verwerking skep opgewondenheid
- Gesinkopeerde gebroke akkoordbegeleidingsfigure in die trombone

Stylinvloede
- Harde-voortstuwende blues-styl
- Die groep eksperimenteer met die elemente van die styl – harmonie, ritme, melodie – geïnspireer deur Sun-Ra
- Vermenging van mbaqanga en kwêlastyle

1 punt per element x 3 *Enige TWEE stylinvloede*

[5]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 13

13.1 Noem TWEE maniere waarop tradisionele kwêlamusiek ná die 1950's verander het.

Antwoord:

- Die penniefluitjie was eers as die melodiese hoofinstrument gedurende die 1950's gebruik en was later met die saksofoon vervang
- Die styl was oorspronklik 'n solo straatmusiekstyl maar solo kunstenaars was later deur 'n klein jazz-orkes begelei
- Kwêla was 'n polities gedrewe musiekstyl (anti-apartheid) gedurende die 1950's maar was later transformeer tot 'n populêre vermaaklikheidstyl (bv. Mango Groove)

2 punte (2)

13.2 Noem DRIE tipiese kwêla-eienskappe wat in Spokes Mashiyane se *Banana Ba Rustenburg* voorkom.

Antwoord:

- Jazz-orkes – kitaar, tromstel, bas en saksofoon
- Saksofoon/penniefluitjie as melodiese hoofinstrument
- Kort improvisasies as versiering van die oorspronklike melodie
- Ander kontramelodiese lyne word om die oorspronklike melodie ingeweef
- Matig tot opgewekte tempo
- Skiffle-agtige maatslag
- Jive en swing-ritmes
- Sikliese akkoordstruktuur met gebruik van I – IV- I^6_4 – V

3 punte (3)

[5]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 14

Skryf 'n paragraaf waarin jy die historiese betekenis van die Jazz Epistles se bydrae tot Suid-Afrikaanse jazz ondersoek. Verwys na die liedjie *Vary-oo-vum* in jou antwoord.

Antwoord:
Historiese betekenis

- Jazz Epistles was Suid-Afrika se eerste swart bebop groep gedurende die 1950's
- Die eerste album was *Jazz Epistle, Verse 1*, 1959
- Suid-Afrika se eerste belangrike hard bop groep gedurende die 1950's (ontbind in 1959)
- Groep bestaan uit Suid-Afrikaanse jazz-ikone:
  - Dollar Brand (later Abdullah Ibrahim) op klavier, Kippie Moeketsi op altsaksofoon, Jonas Gwangwa op tromboon, Hugh Masekela op trompet, Johnny Gertze op bas, Early Mabuza of Makaya Ntshoko op tromme
- Meeste van hierdie musikante verkies ballingskap en ontwikkel hul styl verder deur kontak te maak met Europese musikante waarmee hulle met hul terugkeer na Suid-Afrika hul nuutgekose kennis en vaardighede terug in die Suid-Afrikaanse konteks belê
- Lede komponeer hul eie oorspronklike musiek ('n groot inhoud van werke) wat die kultuur en tradisie van die Afrika-erfenis bekragtig
- Hul erfenis stel hard bob voor op die ontwikkelende Afrika jazz kultuur

Verwysing na *Vary-oo-vum*

- Gekomponeer deur Abdullah Ibrahim (toe bekend as Dollar Brand)
- Bevat 'n 12-maat blues vorm in die improvisasie-seksie
- Hardbop-klank met swing en voortdrywing
- 'n Baie vooruitstrewende/Avant Garde komposisie vir 1959

Enige VYF **[5]**

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 15

Miriam Makeba was een van die eerste vrouekunstenaars om Afrika-musiek internasionaal bekend te maak.

Skryf 'n opstel waarin jy haar loopbaan bespreek. Verwys na haar lewe in ballingskap, noem die invloede op haar styl en die karaktereienskappe van haar musiek. Verwys na EEN album/treffer in jou antwoord.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Lewe in ballingskap	4
Invloede (nasionaal en internasionaal)	4
Karaktereienskappe van haar musiek	3
Album/treffer	1
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
TOTAAL	**15**

Voorbeeld van 'n inleiding
Miriam Makeba word as een van die vooraanstaande vrouekunstenaars van Afrika-jazz beskou. Haar musiekloopbaan begin in 1956 met die bekendstelling van *Pata Pata*.

Lewe in ballingskap
- Word Mama Africa genoem
- Toer en neem treffers op saam met internasionale kunstenaars soos Harry Belafonte, Ella Fitzgerald en Paul Simon
- Haar paspoort word teruggetrek omdat sy teen apartheid voor die United Nations in 1963 getuig het
- Tree op in internasionale jazz opera *King Kong*
- Ontvang 'n Grammy-toekenning vir die beste opname vir volksmusiek (saam met Harry Belafonte)
- Sy was een van die vermaaklikheidskunstenaars in die *Rumble in the Jungle* geveg tussen Muhammad Ali en George Foreman in Zaïre
- Ontvang internasionale reputasie beide as musikant en kulturele aktivis
- Eerste vrouekunstenaar van Afrika om Afrika-musiek internasionaal bekend te maak

Enige VIER (4)

Nasionale invloede
- Wye omvang van Afrika repertorium insluitend marabi, mbaqanga, tradisionele Afrika-musiek en Afro soul
- As 'n lid van The Skylarks sing sy 'n mengsel van jazz en tradisionele melodieë van Suid-Afrika
- Sluit gereeld tradisionele elemente in haar styl in, bv. manlike agtergrondsangers geïnspireer deur mbube kore
- Sing moderne weergawes van inheemse liedjies in haar moedertaal isiXhosa
- Gebruik a cappella-genesingsdreunsang van die amaSangoma

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Internasionale invloede

- Vermeng Amerikaanse style insluitend jazz, R&B en kontemporêre volksmusiek
- Europese musiekstyle onder andere Portugese fados
- Buite Amerika en Europa was sy deur Hebreeuse en Jiddisj melodieë beïnvloed
- Gevarieerde wêreldmusiek repertorium insluitend Engelse ballades en Haitiaanse dreunsang
- Suid-Amerikaanse invloede insluitend Brasiliaanse bossa novas

Enige VIER
Sluit BEIDE nasionale en internasionale invloede in (4)

Karaktereienskappe van haar musiek

- Rokerige rasperstem met intieme warmte
- Haar ryklike, lae vrouestemtoon was gereeld met Ella Fitzgerald vergelyk
- Verpersoonlik 'n kombinasie van R&B, jazz en Afrika-musiek in 'n unieke styl
- Veral bekend vir haar liedjies in haar moedertaal en plof-, klapgeluide
- Klanke en ritmes van die groter kontinent van Afrika word in haar liedjie *Aluta continua* gevind – haar styl strek buite Suid-Afrikaanse klanke

Enige DRIE (3)

Album/Treffer:

- *Pata Pata*
- *Sing me a song*
- *Lakutshon' ilanga*

Enige EEN (1)

Voorbeeld van 'n slotparagraaf

Miriam Makeba was een van die mees veelsydige vrouekunstenaars wat Suid-Afrika geproduseer het en was beïnvloed deur beide haar tradisionele oorsprong sowel as internasionale musiekstyle.

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Lewe in ballingskap			4
Invloede (nasionaal en internasionaal)			4
Kenmerke van haar musiek			3
Album/treffer			1
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting em stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 3 punte*	3
	Goed *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 2-2½ punte*	
	Gemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1½ punte*	
	Ondergemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1 punt*	
	Swak *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar *Feite puntsgewys aangebied*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING D: 50

ÓF

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyn puntsgewys weergegee is, mag die kandidate in volsinne antwoord.

VRAAG 16

16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 'n Italiaanse term vir 'dubbel die tempo' is …

Antwoord:
B Doppio movimento.

16.1.2 Watter instrument is NIE deel van 'n standaard klassieke orkes NIE?

Antwoord:
B Saksofoon

16.1.3 Die Camerata word met die oorsprong van …geassosieer.

Antwoord:
A Opera in Florence.

16.1.4 Watter EEN pas NIE?

Antwoord:
C Klavier

16.1.5 Behalwe vir *Die Towerfluit*, is … nog 'n opera van Mozart.

Antwoord:
D Geeneen van die bogenoemde nie

5 x 1 (5)

16.2 Verduidelik die onderstaande:

16.2.1 Tutti
16.2.2 Melisma
16.2.3 Motief

Antwoord: (1)
16.2.1 Volle orkes speel tegelyk (1)
16.2.2 Die sing van meer as een noot op 'n enkel sillabe van die teks (1)
16.2.3 'n Kort ritmies en/of melodiese musikale eenheid

16.3 Noem die instrument wat by die standaard klassieke orkes deur beide Beethoven en Mozart bygevoeg is .

Antwood: Tromboon *1 punt* (1)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

16.4 Noem EEN ooreenkoms en EEN verskil tussen 'n *simfonie* en 'n *simfoniese toondig*.

Antwoord:
Ooreenkoms
- Beide word deur 'n simfonieorkes gespeel
- Baie simfoniese toondigte vergelyk in lengte en omvang met die bewegings van 'n simfonie en selfs die lengte van 'n hele simfonie

Verskil
- 'n Simfonie is 'n meerdelige werk terwyl 'n simfoniese toondig enkeldelig is
- 'n Simfoniese toondig het 'n beskrywende titel met buite-musikale verwysing terwyl 'n simfonie tipies uit abstrakte musiek bestaan
- 'n Simfonie het 'n formele struktuur terwyl 'n simfoniese toondig gewoonlik episodies of in vrye vorm is
- 'n Simfoniese toondig ontstaan in die Romantiese tydperk terwyl die simfonie dateer uit die Klassieke tydperk
- In die simfonie word tematiese ontwikkeling gebruik om eenheid te verkry terwyl in 'n simfoniese toondig van tematiese transformasie gebruik gemaak word vir dieselfde doel

2 x1 (2)

16.5 Kies 'n toonsoort uit KOLOM B wat by 'n komposisie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (16.5.1 tot 16.5.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 16.5.5 G.

KOLOM A		KOLOM B	
16.5.1	Beethoven: *Simfonie Nr. 6*: *Donderstorm*	A	F majeur
16.5.2	Beethoven: *Simfonie Nr. 6*: *Herderslied. Aangename en dankbare gevoelens na die storm*	B	$F^{\#}$ mineur
16.5.3	Mendelssohn: *Hebrides Ouverture*	C	F mineur
16.5.4	Mozart: *Der Vogelfänger bin ich ja*	D	B mineur
		E	$F^{\#}$ majeur
		F	G majeur

Antwoord:

16.5.1	C
16.5.2	A
16.5.3	D
16.5.4	F

4 x 1 (4)

16.6 Skryf die ontbrekende inligting oor die duet *Pa-Pa-Pa-Papageno* uit *Die Towerfluit* van WA Mozart neer. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (16.6.1 en 16.6.2) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KARAKTER	STEMTIPE
Papageno	(16.6.1)
(16.6.2)	Sopraan

Antwoord:
16.6.1 Bariton
16.6.2 Papagena

2 x 1 (2)

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

16.7 Skryf 'n definisie van die spesifieke werktipe (genre) van *Die Towerfluit* van WA Mozart, neer.

Antwoord:
- Singspiel
- 'n Tipe opera wat Duitse gesproke dialoog bevat
- 'n Kombinasie van ernstige en lighartige storielyn-elemente o.a. fantasie en romantiese elemente

EEN punt vir Singspiel
TWEE punte vir definisie (3)
[20]

VRAAG 17

Skryf DRIE ooreenkomste en TWEE verskille tussen 'n simfonie van die Mannheim-skool en die *Pastorale Simfonie* van Beethoven, neer.

Antwoord:
Ooreenkomste
- Beide Mannheim en Beethoven gebruik sonatevorm vir die eerste en laaste bewegings
- Oordrewe orkestrale crescendi
- Skielike dinamiese verandering (e.g. *sf*)
- Mannheim voëlnabootsing is uitgebrei in die *Pastorale Simfonie*
- Tremolo's in die strykers word deur beide gebruik
- Mannheim komponiste is die eerste komponiste om die houtblaasinstrumente as onafhanklike instrumente te gebruik;
  Beethoven gaan hiermee voort in sy *Pastorale Simfonie* en gee die houtblasers selfs 'n groter rol
- Dubbel houtblaasinstrumente word deur beide gebruik
- Die klarinet word deur Johann Stamitz bygevoeg by die Mannheim orkes. Dit speel 'n belangrike rol in die *Pastorale Simfonie*

Verskille
- Mannheim simfonieë – 3 bewegings, later 4 bewegings; Beethoven se *Pastorale Simfonie* het 5 bewegings
- Mannheim simfonieë sluit ‘n Menuet en Trio-beweging in; Beethoven se *Pastorale Simfonie* bevat 'n Scherzo en Trio-beweging
- Mannheim simfonieë is absoluut/abstrak; Beethoven se *Pastorale Simfonie* is programmaties
- Mannheim simfonie-bewegings is afsonderlik terwyl die laaste drie bewegings van die *Pastorale Simfonie* aaneenlopend is
- Beethoven voeg 'n tromboon en piccolo by die standaard klassieke orkes vir dramatiese effek

Enige DRIE ooreenstemmings
Enige TWEE verskille **[5]**

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 18

Verduidelik die gebruik van toonsoort in die volgende seksies in sonatevorm.

18.1 Eerste tema/onderwerp
18.2 Brug
18.3 Tweede tema/onderwerp
18.4 Ontwikkeling
18.5 Koda

Antwoord:

18.1 Die eerste tema/onderwerp is in die hoof (tonika) toonsoort, beide in die uiteensetting en die heruiteensetting
18.2 Die brug het 'n modulerende funksie in die uiteensetting maar nie in die heruiteensetting nie
18.3 Die tweede tema/onderwerp is in 'n verwante toonsoort in die uiteensetting and in die tonika toonsoort in die heruiteensetting
18.4 In die ontwikkelingseksie word daar heelwat verwante toonsoorte ondersoek en dit eindig gewoonlik in die dominanttoonsoort
18.5 Die koda is aan die einde van die heruiteensetting en is in die oorspronklike toonsoort

5 x 1 *Korrekte enkelwoord antwoorde (bv. tonika/dominant) = ½ punt*

[5]

VRAAG 19

Der Hölle Rache is een van die sleutelarias in *Die Towerfluit* van WA Mozart. Beskryf hierdie aria in 'n paragraaf met verwysing na die karakter en stemtipe, tempo, stemming en enige ander spesifieke eienskappe.

Antwoord:

Karakter en stemtipe

- Koningin van die Nag, (koloratuur) sopraan

Tempo

- Allegro/vinnig

Stemming

- Donker, ontstoke, aggressief

Spesifieke eienskaappe

- Virtuose vokale kenmerke
- Wye vokale omvang
- Ingewikkelde passasiewerk met 'n hoë moeilikheidsgraad
- Orkestrale begeleiding ondersteun die stemming

5 punte *Maksimum van 1 punt elk vir die eerste DRIE aspekte* *Spesifieke eienskappe = 2 punte*

[5]

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

VRAAG 20

Felix Mendelssohn se *Hebrides Ouverture* is gewortel in die Klassieke styltradisies en toon ook eienskappe van die vroeë Romantiese stylperiode.

Skryf 'n opstel waarin jy verduidelik hoe hierdie twee stylperiodes in die komposisie manifesteer.

Jy sal krediet onvang vir die logiese uiteensetting van die feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal aan die hand van die onderstaande kriteria nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Klassieke elemente	6
Romantiese elemente	6
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
TOTAAL	**15**

[15]

Voorbeeld van 'n inleiding
Mendelssohn se *Hebrides Ouverture* reflekteer beide Klassieke en Romantiese eienskappe omdat die komponis in die Romantiese era geleef het maar groot respek gehad het vir die Klassieke tradisies.

Klassieke elemente:
Vorm en struktuur
- Sonatevorm is tipies van die Klassieke stylperiode
- Die uiteensetting bevat 'n eerste tema (in B mineur), (uitgebreide) brug, tweede tema (in D majeur) en 'n kodetta
- Die ontwikkelingsgedeelte ontwikkel die temas uit die uiteensetting en bied ook nuwe materiaal aan
- Die heruiteensetting herroep dieselfde twee temas maar nou in B mineur en B majeur, met die tweede tema wat deur die twee klarinette gespeel word

Melodie
- Duidelik onderskeibare melodieë
- Reëlmatige frasesstrukture en simmetriese frases
- Motiefontwikkeling wat deur Beethoven beïnvloed is

Toonkleur/orkes
- 'n Klassieke orkes word gebruik met 'n strykerseksie, dubbel houtblasers, twee Franse horings, twee trompette en timpani

Harmonie
- Mendelssohn is sterk beïnvloed deur Mozart en Beethoven se gebruik van klassieke harmonie
- Modulasie na verwante toonsoorte word meestal gebruik (B mineur – D majeur, B mineur – B majeur)
- Gebruik tonale/klassieke harmonie

Tekstuur
- Meestal homofonies en hier en daar polifoniese teksture

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Romantiese elemente:
Vorm en struktuur
- Gebruik sonatevorm maar meer vry en gevarieerd bv. 'n ongewone lang kodetta na die tweede tema in die uiteensetting, 'n uitgebreide brug en koda
- Uitgebreide ontwikkeling van motiewe – hierdeur baan hy die weg vir langer simfoniese werke

Nuwe genre
- Konsertouverture (voorskou van die simfoniese toondig)
- 'n Dramatiese simfoniese werk met programmatiese inhoud

Melodie
- Liriese melodieë met 'n eiesoortige melodiese styl tipies van die Romantiese styl

Programmatiese aspekte
- 'n Beskrywende titel: *Fingal se Grot* (subtitel), *Die Eensame Eiland* as alternatiewe titel
- Romantisisme met 'n nuwe fokus op die natuur
- 'n Beeld van die see, die grootsheid van die grot, die welling van die golwe, en die refleksie van lig op die water, die krag van die golwe wat teen die kranse breek, dit alles word voor die gees geroep

Dinamiek:
- Baie wye omvang van *pp* tot *ff*
- Buitengewone dinamiese kontras versterk die programmatiese konteks

Harmonie
- Die gebruik van chromatisme af en toe

Toonkleur/orkes
- Geen addisionele instrumente word gebruik (soos wat wel die geval was in latere Romantiese orkeswerke) – maar hy gebruik die volle omvang van toonkleure beskikbaar in die Klassieke orkes
- Beide temas word aanvanklik in die laer register gespeel (tjello's, fagotte, altviole) – hiermee beskryf hy die stemming van die grys lug en onheilspellende see
- Innoverende orkestrasie lei na nuwe kombinasies van kleur en stemming

Tempo en Ritme:
- Uitvoerings van Romantiese simfoniese musiek word tipeer deur die gebruik van rubato en dit is waar van enige uitvoering van hierdie werk

Voorbeeld van 'n afsluiting
Dit is duidelik dat beide Klassieke en Romantiese eienskappe in die *Hebrides Ouverture* te vinde is en dat Mendelssohn dit reggekry het om balans en helderheid van die Klassieke styl en tipiese emosionaliteit van die Romantiese styl byeen te bring

Downloaded from www.studypapers.co.za

Find Plenty of Free Study Resources at www.studypapers.co.za

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

KRITERIA	**PUNTETOEKENNING**		
Klassieke elemente	SES Klassieke elemente		6
Romantiese elemente	SES Romantiese elemente		6
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting em stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 3 punte*	3
	Goed *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 2-2½ punte*	
	Gemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1½ punte*	
	Ondergemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1 punt*	
	Swak *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar *Feite puntsgewys aangebied*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING E: 50
GROOTTOTAAL: 120

Downloaded from www.studypapers.co.za